# 'De Ordonnantie (is) eene doode letter'[1] – Die 1871 Transvaalse ondersoek na die handel in vuurwapens met swartes

DEUR JOHAN S. BERGH •

## 1. Agtergrond

Hoewel die kommissie van ondersoek wat die Volksraad van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) op 7 September 1871 ingestel het, veral opdrag gekry het om die beskikbaarheid van swart arbeid te ondersoek,[2] het die kommissie ook aan aanverwante aangeleenthede aandag gegee. Een van hierdie aangeleenthede was die reg van swartmense om vuurwapens aan te koop en te besit. In hierdie verband is diegene wat voor die kommissie getuienis afgelê het, versoek om hulle oor die wenslikheid uit te spreek of die proklamasie van die staatspresident van 24 Maart 1858, wat die handel van vuurwapens en ammunisie aan swartmense verbied, behou moes word.[3] Dit het tot interessante en uiteenlopende reaksies aanleiding gegee, wat die beste begryp kan word indien dit teen die breër tydsagtergrond geplaas word.

---

• Prof. Johan Bergh is verbonde aan die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria. Sy artikel, '"To make them serve" – The 1871 Transvaal Commission on African Labour as a source for agrarian history', is aanvaar vir publikasie in *History in Africa*, 29 (2002). 'n Bronnepublikasie oor die 1871-kommissie, waarvan hy en prof. Fred Morton (Iowa, V.S.A.) redakteurs is, sal na verwagting vanjaar verskyn.

1. TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, Pretoria (Hierna TA), SS 139, Supplementêre Dokumente vir 1871, No. Supl. 96/1871, Getuienis van P.J. van Staden, 18 Sept. 1871, p. 337.
2. *Volksraadbesluit*, 7 September 1871, artikels 28 en 29.
3. TA, SS 139, Supl. 89/1871, Notule van die kommissie, 13 Okt. 1871, p. 299.

*Historia* 46(2), November 2001, pp. 327-344.

Vuurwapens het gedurende die afgelope 350 jaar 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel. Dit was in 'n groot mate die instrument waardeur blanke oppergesag afgedwing is. Terselfdertyd het inheemse gemeenskappe, wat daardeur bedreig is, reeds van 'n vroeë stadium toegang tot dié magsinstrument probeer kry. Dit is voor die hand liggend dat blanke owerhede dit sou probeer verhoed.

Die spanning en konflik wat hieruit voortgespruit het, is kort nadat kontak tussen die blanke en inheemse gemeenskappe 'n aanvang geneem het, in dokumente en in mondelinge oorleweringe vasgevang. Reeds in die tyd van Jan van Riebeeck en sy opvolgers is hierna verwys.[4] Dit is vanselfsprekend dat historici wat die geskiedenis van konflik en oorlogvoering in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ontleed en beskryf het, hierdie aspek ook in berekening sou moes bring. 'n Vinnige opname het trouens aan die lig gebring dat die rol van vuurwapens in die verloop van konflik en in die verhoudinge tussen blank en swart in die algemeen goed in historiese werke van die afgelope ongeveer vyftig jaar verreken word. Afgesien van werke wat net op oorlogvoering en konflik fokus, word dié aspek ook in werke met 'n breër aanslag aangeraak.[5] Die monografie van F. Pretorius oor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902, is 'n voorbeeld van 'n werk wat oor een oorlog handel en wat substantief aan "wapens en ammunisie" aandag gee.[6]

Hoewel J. St. E. Pretorius reeds in 1958 'n meestersverhandeling oor "Die beleid van die Suid-Afrikaanse geweste teenoor die handel in vuurwapens en ammunisie met die inboorlinge, 1806-1881" voltooi het,[7] het die

4. S. MARKS en A. ATMORE, "Firearms in Southern Africa: A survey" in *Journal of African History* XII (4), (1971), pp. 517-518.

5. Sien byvoorbeeld J.B. PEIRES, *The House of Phalo. A history of the Xhosa people in the days of their independence* (Ravan Press, Johannesburg, 1981), pp. 53, 127, 140, 143, 155-8; P. Delius, *The land belongs to us: the Pedi polity, the Boers and the British in the nineteenth century Transvaal* (Ravan Press, Johannesburg, 1983), pp. 38, 46, 62, 64, 67, 71, 72, 73, 74-5, 78, 79, 164, 185-6; K. SHILLINGTON, *The colonization of the Southern Tswana 1870-1900* (Ravan Press, Johannesburg, 1985), pp. 11-19, 21-5, 36-42, 52, 62, 76-81, 108, 126, 129-34, 141-2, 148, 161, 171, 227-39; L. THOMPSON (Red.), *African Societies in Southern Africa* (Heinemann, London, 1972), pp. 14, 166, 184, 188, 189, 260, 262-3, 272-3, 283, 306, 317. S. MARKS en A. ATMORE (Reds.), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (Longman, London, 1980), pp. 30, 31, 32, 138, 139, 143, 157, 296, 297, 300-01, 302, 303-04, 307-08, 317, 319, 321, 324, 330, 331, 334-5, 336-7, 352; H. LAMAR en L. THOMPSON (Reds.), *The frontier in history: North America and Southern Africa compared* (Yale University Press, New Haven, 1981), pp. 84, 133, 134, 164, 165, 185, 197-98, 199; P. van Biljon, *Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika* (Juta & Kie, Kaapstad, 1947), pp. 69, 277, 326, 348.

6. F. PRETORIUS, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1999), pp. 26-43.

7. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Afrikaseminaarreeks van die Institute of Commonwealth Studies van die London University in 1968-9 'n meer omvattende ondersoek na die geskiedenis van vuurwapens in suidelike Afrika onderneem. Die bydraes tot hierdie seminaarreeks het in 1971 as artikels in die *Journal of African History* neerslag gevind. In 'n inleiding tot dié artikelreeks gee Shula Marks en Anthony Atmore 'n oorsig van die vernaamste bevindinge waartoe gekom word.[8] Enkele van hulle tersaaklike gevolgtrekkings sluit in:

> (T)he presence of white settlers meant that the quality and quantity of firearms available to Africans were on a scale probably unprecedented in sub-Saharan Africa[9] … on the whole non-whites were actually aware of changes in the manufacture of firearms in the nineteenth century[10] … On the south central highveld … the introduction of armed and mounted groups had a disruptive effect on the southern Tswana and Sotho societies, though ultimately it was from the Griqua that these groups acquired their own small number of firearms.[11] … The demands of the diamond fields for African labour in the 1870s – demands which apparently could only be met by allowing the labourers to purchase guns – greatly increased the availability of firearms to all the highveld Africans.[12] … The sale of firearms in order to attract labour to the diamond fields … was causing very serious concern to the white governments of South Africa …[13] … the Swazi made little or no use of firearms in their raiding activities …[14] On the whole, the Zulu, Ndebele and Gaza kingdoms did not have to concern themselves with defensive warfare until they were confronted with the overwhelmingly superior machine guns and field artillery of the late nineteenth century.[15] … It was those people who had to develop their defensive tactics against raiding neighbours, and had the natural and social resources to do so, who took to firearms most successfully … the southern Sotho, Tswana, Herero and Xhosa … By the mid-century the Pedi were already armed with muskets, probably obtained mostly in the trade with Delagoa Bay … As late as 1876, they were able to hold Boer commandos at bay: by then their armoury had been improved and replenished by, service on the diamond fields …[16] The Venda too, with their long history of trading contact with the Portuguese in which firearms must have played an important role, were able to withstand Boer attacks until the very end of the nineteenth century.[17] … a great volume of arms and ammunition was shipped to southern Africa for sale to Africans, in spite of official regulations to the contrary. The trade was highly profitable, not least to the governments of the white colonies whose regulations

---

8. S. Marks en A. Atmore, "Firearms in Southern Africa: A survey" in *Journal of African History* XII (4), (1971), pp. 517-530.
9. *Ibid.*, p. 529.
10. *Ibid.,* p. 517.
11. *Ibid.*, pp. 519-520.
12. *Ibid.*, p. 520.
13. *Ibid.,* p. 524.
14. *Ibid.*, p. 526.
15. *Ibid.*, p. 527.
16. *Ibid.*, p. 527.
17. *Ibid.,* p. 527.

forbade the traffic.[18]

Marks en Atmore het in ‘n groot mate van die inligting in die ander artikels in dié reeks gebruik gemaak vir hulle samevattende artikel. Richard Gray het oor Portugese bedrywighede in die Zambezivallei geskryf.[19] Anthony Atmore en Peter Sanders oor gewere en ammunisie by die Sotho gedurende die 19de eeu,[20] Anthony Atmore, J.M. Chirenje en S.I. Mudenge oor vuurwapens in Suid-sentraal-Afrika,[21] J.J. Guy oor vuurwapens in die Zulukoninkryk[22] en Sue Miers oor geweerhandel en regeringsbeleid in suidelike Afrika tussen 1870 en 1890.[23]

In die artikel van Atmore, Chirenje en Mudenge word meer inligting oor geweerhandel en die verbreking van die verbod daarop, verskaf:

> In the Cape Colony and Griqualand West … the trade in firearms depended upon two technicalities: importers had first to deposit a bond indicating to whom they were intending to sell the guns – but as both colonies used import duties upon firearms as an important source of revenue, this procedure was frequently circumvented. The second technicality was that Africans had to have a magistrate’s permit to buy guns, but such was the demand for labour on the diamond diggings and in railway construction that these permits were either readily granted or were ignored by traders. Even before the economic expansion of the 1870s, a large amount of illegal trading went on. Missionaries supplied Tswana chiefs with firearms for their defence against encroaching whites and many white traders or farmers-cum-traders, Boers and English, openly flaunted the official prohibition; even Boer government functionaries traded firearms with Tswana or Ndebele neighbours … Whilst the supply of guns and ammunition by missionaries was only slight, there is no doubt that they were intricately connected with firearms, both in African and in Boer eyes.[24]

Hierdie gevolgtrekking word deur Miers in haar artikel ondersteun. Sy wys daarop dat handelaars geen probleme ervaar het om vuurwapens selfs deur die ZAR te smokkel nie. Terwyl sy hierdie toedrag van sake aan ‘n gebrek aan owerheidsbeheer toeskryf, voer sy ander faktore aan vir die traagheid van die Britse owerhede om hulle eie regulasies nougeset toe te pas – onder meer die goeie inkomste wat die Britse kolonies uit geweerhandel verkry het, die belangrike rol wat die beskikbaarheid van gewere gespeel het om swart arbeid

---

18. *Ibid.,* p. 528.
19. R. GRAY, “Portuguese musketeers on the Zambezi” in *Journal of African History* 3(4), 1971, pp. 531-533.
20. A. ATMORE en P. SANDERS, “Sotho arms and ammunition in the nineteenth century” in *Journal of African History* 12(4), 1971, pp. 535-544.
21. A. ATMORE, J.M. CHIRENJE en S.I. MUDENGE, “Firearms in South Central Africa” in *Journal of African History* 12(4), (1971), pp. 545-556.
22. J.J. GUY, “A note on firearms in the Zulu Kingdom with special reference to the Anglo-Zulu War, 1879” in *Journal of African History* 12(4), (1971), pp. 557-570.
23. S. MIERS, “Notes on the arms trade and government policy in Southern Africa between 1870 and 1890” in *Journal of African History* 12(4), (1971), pp. 571-577.
24. A. ATMORE, J.M. CHIRENJE en S.I. MUDENGE, “Firearms in South Central Africa” in *Journal of African History* 12(4), 1971, p. 547.

na die diamantvelde en elders te lok en die moontlikheid om konsessies van swart heersers met behulp van vuurwapens te beding. Daarbenewens dui sy ook aan dat omdat geen enkele regering al die roetes waarlangs vuurwapens suidelike Afrika bereik het, beheer het nie, dit in elk geval uiters moeilik sou wees om dit stop te sit.[25]

Sedert hierdie artikelreeks het enkele ander nuttige bydraes oor vuurwapens in suidelike Afrika verskyn. In 1997 is byvoorbeeld 'n mini-M.A.-verhandeling aan die Universiteit van Pretoria oor swartmense en vuurwapens in die Transvaal gedurende die 19de eeu, voltooi.[26] Enkele bydraes oor die aard en ontwikkeling van die verskillende tipes vuurwapens in Suid-Afrika is ook gemaak.[27]

## 2. Die ZAR en swartmense se handel in vuurwapens

Die verrigtinge van die 1871-Kommissie het afgespeel teen die agtergrond van drie dekades blanke vestigingsgeskiedenis en oorlewingstryd in die gebied noord van die Vaalrivier. Daarom sou dit verwag kon word dat die blanke owerheid in hierdie tydperk maatreëls sou instel om geweerhandel met die swart gemeenskappe in dié gebied te verhinder.

Reeds op 24 Januarie 1850 het die Volksraad 'n besluit geneem dat handel met swart gemeenskappe verbied word en dat 'n boete van 500 riksdaalders en die konfiskasie van die handelsartikels 'n oortreder opgelê kon word.[28] Hierdie besluit sou geïnterpreteer kon word as in die eerste instansie gemik teen handel in vuurwapens. Die Volksraad het in 1853 verskeie bykomende besluite geneem om handel in vuurwapens te probeer verhinder – onder meer dat, na gelang van die erns van 'n betrokke saak, selfs die doodstraf opgelê kon word, dat burgers verplig was om inligting wat hulle oor die smokkel in vuurwapens en ammunisie mag bekom het onder die owerheid se aandag te bring en selfs dat hulle

---

25. S. MIERS, "Notes on the arms trade and government policy in Southern Africa between 1870 and 1890" in *Journal of African History* 12(4), 1971, pp. 571-572.
26. M.P. RAPHUTI, Africans and firearms in the Transvaal in the nineteenth century, (Coursework M.A., UP, 1997).
27. B.M. BERKOVITCH, *The Cape gunsmith (a history of gunsmiths and gun dealers at the Cape of Good Hope from 1795 to 1900),* (Stellenbosch Museum, Stellenbosch), 1976; F.V. LATEGAN, *Die Boer se roer: die groot geweerboek van Suid-Afrika*, (Tafelberg, Kaapstad, 1974); F.V. LATEGAN en L. POTGIETER, *Die Boer se roer tot vandag: Die ontwikkeling van die vuurwapen in Suider-Afrika* (Tafelberg, Kaapstad, 1982); R. VON MOLTKE, "Wapentuig in die Eerste Vryheidsoorlog" in *Militaria* 11(1), (1981), pp. 8-30; F.V. LATEGAN, "Die Voortrekker se vuurwapen" in *Lantern* 39(4), (Okt. 1990), pp. 37-41; A. MALAN, "Trekkerwapens" in *Die Taalgenoot* 57(10), (Okt. 1988), pp. 8-11.
28. F. JEPPE en J.G. KOTZÉ (Reds.), De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885, (J.F. Celliers, Pretoria, 1887), p. 7: Volksraadbesluit, 24 Jan. 1850, art. 41.

smokkelaar in hegtenis moes neem, dat vergoeding betaal sou word aan diegene wat smokkelaars uitlewer, en dat die kommandant-generaal hom ten doel moes stel om vuurwapens by kleiner swart gemeenskappe te probeer verhaal.[29]

Hierdie Volksraadbesluite is op 24 Maart 1858 opgevolg deur die reeds genoemde proklamasie van staatspresident M.W. Pretorius:

> Nademaal het ter kennisse der Regering gekomen is, dat eenige roekelooze personen het gewaagd hebben krijgsbehoefte in deze Republiek te smokkelen en dezelve heimelijk aan de naturellen-volkeren te verhandelen; zoo wordt bij deze geproclameerd en vastgesteld, eenig persoon of personen gevonden wordende vuurwapens, ammunitie van welken aard ook, of paarden, aan iemand der naturellen-stammen te verhandelen, hetzij op heeterdaad betrapt of dat het bewezen kan worden, dat zoodanige voormelde artikelen aan naturellen-volkeren, door iemand verkocht, verhandeld, of als eene gift overgemaakt zijn geworden, zoodanig persoon die zich daaraan schuldig gemaakt heeft, eene boete zal verbeuren van £500, of met verbeurdverklaring van goederen of gevangenschap, naar den aard der zaak, gestraft worden.
>
> En nademaal het noodig geoordeeld is, strenger maatregelen te nemen, tot het spoedig betrappen van zulke misdadigers als voormeld; zoo wordt aan alle getrouwe onderdanen, en inzonderheid den officieren, dezer Republiek gelast, al zulke personen op welke suspicie kan gemaakt worden, zich aan voormelde misdaden te hebben schuldig gemaakte, hetzij in deze Republiek of in het jagtveld, of die bevonden worden meer dan *veertig ponden kruit en tachtig ponden lood* op hunne wagens te hebben, aan te houden, en met den meesten spoed naar den naast gelegen Veldcornet te zenden, die verpligt en gehouden zal zijn, zoodanigen misdadiger of misdadigers op een der dorpen, aan de bevoegde authoriteiten over te leveren.
>
> Ieder die dergelijke overtredingen ter kennisse van de bevoegde authoriteiten brengt, en dezelve genoegzaam bewijst, zal als belooning de helft der boete genieten, die voor gemelde overtreding zijn vastgesteld.[30]

Ook die "Instructie voor de Veldcornetten" van dieselfde jaar, het soortgelyke bepalings bevat:

> Het is in overeenstemming met vroegere besluiten volstrekt verboden om vuurwapenen, ammunitie, krijgsbehoeften of paarden te verhandelen, te verkoopen of ten geschenke te geven aan eenige der Naturellen stammen. De overtreders die zich hieraan schuldig maken zullen gestraft worden met eene geldboete van £500, of verbeurdverklaring van goederen, of gevangenisschap, naar den aard der zaak.[31]

---

29. IBID., pp. 24-25: Volksraadbesluit, 19 Sept. 1853, arts. 62-65, 67, 68 en 21 Nov. 1853, art. 125.

30. F. JEPPE en J.G. KOTZÉ (Reds.), De locale wetten 1849-1885, p. 74: Proklamasie, 24 Maart 1858.

31. IBID., p. 98: Instructie voor de Veldcornetten, 17 Sept. 1858, art. 51.

In Ordonnansie nr. 2 van 1864 is verder bepaal dat geen swarte daarop geregtig sou wees om sonder 'n permit van 'n toepaslike amptenaar, sendeling, ens. met 'n vuurwapen in die ZAR rond te beweeg nie.[32] Hierdie bepaling is ook in die gelykluidende wet van 1866,[33] asook Wet Nr. 9 van 1870, opgeneem.[34]

Die ZAR-regering het verder probeer om met die owerhede van aangrensende lande saam te werk om handel in vuurwapens aan bande te lê. Die Portugese owerheid in Mosambiek is in 1850 versoek om handel met swart gemeenskappe in die binneland te keer. Bepalings in hierdie verband is ook in die 1871-verdrag met Portugal ingesluit.[35] Met die Britse owerheid is in 1852 met die Sandrivierkonvensie ooreengekom

> dat de handel in ammunitie met de gekleurden ten strengste verboden is, zowel door de Britsche Gouvernement als door de Emigranten, ten noorden en ten zuiden van Vaalrivier.[36]

Soos reeds aangetoon, was die maatreëls teen handel in vuurwapens nogtans in 'n groot mate ondoeltreffend en het dit voortgeduur.

## 3. Uiteenlopende standpunte voor die 1871-kommissie

Omdat die Kommissie sy verslag nog tydens die Volksraadsitting van 1871 wou uitbring,[37] moes daar met spoed te werk gegaan word. Uiteindelik het die Kommissie sy taak in minder as twee maande afgehandel – van 11 September 1871 tot 1 November 1871.[38] Die haas waarmee die werksaamhede aangepak is, het meegebring dat die meeste persone wat voor die kommissie verskyn het van die distrikte van Pretoria en Rustenburg afkomstig was. Dit was uit die aard van die saak moeilik vir inwoners van die verafgeleë distrikte om op kort kennisgewing en net met die doel om voor die kommissie te getuig, na Pretoria

---

32. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal no. 5* (Staatsdrukker, Pretoria, 1953), p. 273: Ordonnantie no. 2 van 1864 Ter voorkoming van landloopery, dievery en ander ongeregeldheden der Kaffers …, arts. 10, 11 en 12, 28 Nov. 1864.
33. IBID., pp. 424-25: Wet ter voorkoming van landloopery, dievery en ander ongeregeldheden der Kaffers …, arts. 8, 9 en 10, 13 Julie 1866.
34. F. JEPPE en J.G. KOTZÉ (reds.), De locale wetten 1849-1885, p. 380: Wet no. 9 van 1870 Ter voorkoming van landlooperij, dieverij en ander ongeregeldheden der Kaffers …, arts. 8, 9 en 10, 3 Junie 1870.
35. M.P. RAPHUTI, Africans and firearms in the Transvaal, pp. 32, 37.
36. F. JEPPE en J.G. KOTZÉ (Reds.), De locale wetten 1849-1885, p. 13: Zandrivier Conventie, art. 6, 16 Jan. 1852.
37. TA, EVR 214, Nr. 78, Verslag van die kommissie, 1 Nov. 1871, pp. 340-357, inskrywingsnommer 40.
38. TA, SS 139, Supl. 89/1871, Notule van die kommissie, 11 Sept. 1871 – 1 Nov. 1871, pp. 285-306.

te reis. Enkele persone van verafgeleë distrikte wat moontlik toevallig in Pretoria was, het wel voor die kommissie verskyn.[39] Vyf swart leiersfigure van die distrikte van Pretoria en Rustenburg het ook getuienis afgelê[40] – oënskynlik sonder om geïnhibeer te voel.

Uit die getuienis voor hulle moes dit gou vir die kommissielede duidelik gewees het dat hulle enersyds met 'n meer konserwatiewe groep en andersyds met 'n meer verligte groep te doen gekry het. Die sterkste woordvoerder van die eersgenoemde groep was die kommandant-generaal, S.J.P. (Paul) Kruger, en van die laasgenoemde groep die landdros van Rustenburg, P.J. van Staden. Hulle uiteenlopende standpunte het ten tyde van die sittings van die kommissie in 'n groot mate oor die interpretasie van die bepalings in Wet Nr. 9 van 1870, wat oor die diensbaarheid van swartmense gehandel het, tot uiting gekom. Dit was veral artikel 17 van dié Wet, wat bepaal het dat swartmense wat nie as arbeiders diens gedoen het nie 'n belasting van tien sjielings moes betaal, wat verskillend geïnterpreteer is. Van Staden en diegene wat soos hy gevoel het, se interpretasie was dat dié swartmense wat die tien sjielings betaal het nie meer onder verpligting gestaan het om hulle ook as arbeiders uit te verhuur nie.[41]

Kruger en sy volgelinge het 'n teenoorstaande standpunt ingeneem. Hulle was van mening dat ten spyte van dié belasting dié swartmense steeds arbeidspligtig was.[42] Dit het selfs tot 'n ernstige meningsverskil tussen Kruger en Van Staden

---

39. TA, SS 139, Supl. 98/1871, Getuienis van T. van Niekerk, 21 Sept. 1871, pp. 340-341; Supl. 99/1871, Getuienis van N.J. Grobler, 21 Sept. 1871, p. 341; Getuienis van I.C. Holtshausen, 21 Sept. 1871, pp. 342-343; Supl. 102/1871, Getuienis van C.G. Fernandez, 22 September 1871, pp. 347-349; Supl. 112/1871 Getuienis van J. Birkenstock, 5 Okt. 1871, p. 384; Supl. 86/1871, Getuienis van J. Lewis, 14 Sept. 1871, p. 280.

40. TA, SS 139, Supl. 93/1871, Getuienis van Makapane Ntshaupe, 14 Sept. 1871, pp. 320-321, 323; Supl. 103/1871, Getuienis van David, 25 Sept, 1871, pp. 349-351; Supl. 104/1871, Getuienis van Maubane Moepi, 25 September 1871, pp. 351-352; Supl. 105/1871, Getuienis van Mathibe Kgosi, 27 Sept. 1871, pp. 353-354; Supl. 115/1871, Getuienis van Mokgatle Thethe, 27 Sept. 1871, pp. 393-395.

41. TA, SS 139, Supl. 92/1871, Getuienis van O.C. Weeber, 13 Sept. 1871, pp. 315-316; Supl. 95/1871, Getuienis van J.R. Lys, 14 Sept. 1871, p. 322; Supl. 96/1871, Getuienis van P.J. van Staden, 18 Sept. 1871, pp. 327, 336; Supl. 106/1871, Getuienis van O. Sachse, 28 Sept. 1871, p. 355; Supl. 107/1871, Getuienis van H.C. Gonin, 28 Sept. 1871, pp. 359-360; Supl. 108/ 1871, Getuienis van C. Penzhorn, 29 Sept. 1871, pp. 363-364, 367; Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2 Okt. 1871, p. 370; Supl. 111/1871, Getuienis van D.J. van der Merwe, 4/10/1871, p. 378; Supl. 113/1871, Getuienis van J.L. Jansen van Rensburg, 5/10/1871, pp. 385, 388.

42. TA, SS 139, Supl. 86/1871, Getuienis van J. Lewis, 14 Sept. 1871, p. 280; Supl. 91/1871, Getuienis van S.T. Prinsloo, 11 Sept. 1871, pp. 313, 314; Supl. 101/1871, Getuienis van T. Erasmus, 22 Sept. 1871, pp. 344-345; Supl. 110/1871, Getuienis van H.P. Malan, 3 Okt. 1871, pp. 373, 376; Supl. 114/1871, Getuienis van G. Brits, 5 Okt. 1871, pp. 390-391; Supl. 116/1871 Getuienis van S.J.P. Kruger, 17-18 Okt. 1871, pp. 396-397, 401-402.

in die openbaar aanleiding gegee.[43] Dit was verder duidelik dat diegene wat hulle by Kruger geskaar het, sterk vooroordele in die algemeen teen swartmense gehad het. T. Erasmus, wat veldkornet van die Adviesrivierwyk was, het die kommissie byvoorbeeld meegedeel:

> Ik denk hoe harder een kaffer behandel word hoe beter hy aan zyne verpligtingen zal voldoen.[44]

En veldkornet H.P. Malan van die Hexrivierwyk:

> Hoe meer vryheid men een kaffer geeft hoe slechter.[45]

In verband met lyfstraf wat hy Kgamanyane Pilane, leier van die Kgafela-Kgatla, toegedien het, het Malan gesê:

> Hy is door het pak slaag minder brutaal geworden.[46]

Die uiteenlopende standpunte van getuies sou ook in die inligting en menings wat hulle oor die kwessie van swartmense en vuurwapens gebring het, na vore kom. Daar was nogtans eenstemmigheid onder hulle oor die groot omvang van vuurwapenbesit onder swartmense en die maklike wyse waarop vuurwapens in hulle besit gekom het. Afgesien van veldkornette wat op die algemene voorkoms van vuurwapens onder swartes in hulle wyke gewys het,[47] het die sendelinge wat voor die kommissie getuig het, dit bevestig.[48] Ten opsigte van die Fokeng van Mokgatle, net noord van Rustenburg, het die Hermannsburgse sendeling Christof Penzhorn getuig dat:

> Toen het Commando naar Mapela opgeroepen werden waren 120 kaffers met geweren gewapend.[49]

Daar kan aanvaar word dat dit net 'n deel van die wapenbesit by dié gemeenskap was. Ook die swart leiers wat voor die kommissie verskyn het, het verwys na baie gewere wat deur hulle volgelinge besit is.[50] Daar moet in gedagte gehou word dat dié inligting hoofsaaklik op die swart gemeenskappe relatief naby die regeringsetel in die distrikte Pretoria en Rustenburg met 'n digte blanke

---

43. TA, SS 139, Supl. 110/1871, Getuienis van H.P. Malan, 3 Okt. 1871, pp. 373-374.
44. TA, SS 139, Supl. 101/1871, Getuienis van T. Erasmus, 22 Sept. 1871, p. 346.
45. TA, SS 139, Supl. 110/1871, Getuienis van H.P. Malan, 3 Okt. 1871, p. 376.
46. Ibid, p. 374.
47. Sien byvoorbeeld TA, SS 139, Supl. 111/1871, Getuienis van D.J. van der Merwe, 4 Okt. 1871, p. 384; Supl. 113/1871, Getuienis van J.L. Jansen van Rensburg, 5 Okt. 1871, p. 387.
48. TA, SS 139, Supl. 106/1871, Getuienis van Otto Sachse, 28 Sept. 1871, p. 356; Supl. 107/1871, Getuienis van H.L. Gonin, 28 Sept. 1871, p. 360; Supl. 108/1871, Getuienis van Christof Penzhorn, 29 Sept. 1871, p. 368.
49. TA, SS 139, Supl. 108/1871, Getuienis van Christof Penzhorn, 29 Sept. 1871, p. 368.
50. TA, SS 139, Supl. 93/1871, Getuienis van Makapane Ntshaupe, 14 Sept. 1871, p. 321; Supl. 103/1871, Getuienis van David, 25 Sept. 1871, p. 350; Supl. 104/1871, Getuienis van Maubane Moepi, 25 Sept. 1871, p. 352; Supl. 105/1871, Getuienis van Mathibe Kgosi, 27 Sept. 1871, p. 354.

bevolking, betrekking gehad het. Die meer afgeleë swart gemeenskappe in die ZAR, wat minder regeringsbeheer ervaar het, sou waarskynlik nog meer vuurwapens besit het.

Heelwat inligting het voor die kommissie gekom oor die herkoms van die wapens wat deur swartmense besit is. Veldkornet P.J. van der Walt van Swartruggens het byvoorbeeld getuig:

> Die kaffers handelen by buitenste kaffers geweren en verdienen tevens in de diamant velden, Vrystaat en Natal geweren als zy gaan werken. De wet heeft voor hen geen hindernis zy kunnen geweren genoeg krygen.[51]

Die "buitenste kaffers" verwys na daardie swart gemeenskappe buite die regstreekse beheer van die ZAR-regering. Die handel in vuurwapens en ammunisie by hierdie gemeenskappe moes aansienlik gewees het. Die staatsaanklaer van Pretoria, O.C. Weeber, het die kommissie byvoorbeeld meegedeel dat, in die vyftiger- en sestigerjare toe hy "… onder handteekening van den Goeverneur der Kaap, Sir George Grey …" vuurwapens en ammunisie in die binneland buite Transvaal verhandel het, hy 200 vuurwapens, 2 000 lb buskruit en 5 000 lb lood per keer met hom geneem het. By een geleentheid het hy by die Ngwato aan die noordwesgrens van die ZAR aangedoen:

> … eene menigte handelaren waren met dezelfde hoeveelheid ammunitie of meer zonder dat hun iets naderhand gevraagd werd waar dit gebleven is. Ik ben nooit door de Transvaal gegaan uit vrees myn goed zou afgenomen worden. In January 1867 was myne laatste reis na de kaffers geweest.[52]

Hierdie deurvoerroete van vuurwapens en ammunisie vanaf die Transvaalse wes- en noordwesgrens na swart gemeenskappe in die ZAR het klaarblyklik 'n groot omvang aangeneem. Trouens, selfs blankes in die ZAR het dié bron ten opsigte van buskruit en lood benut. Veldkornet P.J. van der Walt het hieroor getuig:

> Ik heb gehoord er kaffers van Zechele [Sechele] zyn gewees om kruid en lood te verruilen. Hermanus van Vuuren heeft kruid en lood van hen gekocht. Dit is de eenigste persoon waarvan ik zeker gehoord heb. Ik weet echter er meer gevallen gebeurd zyn. De reden dat Sechele kruid en lood zend was omdat in dien tyd er geene voorziening gemaakt was dat de witte menschen kruid en lood konden krygen.[53]

Van die ander getuies voor die kommissie het hierdie inligting gestaaf:

> In het District Rustenburg handelen, de menschen kruid van de kaffers. Zy brengen dat op van Zechela [Sechele]. De menschen zyn blyde dat de kruid te krygen en daar oor word zulks niet gerapporteerd".[54] "Ik denk dat de menschen genoeg kruid en lood by de kaffers kunnen krygen. Ik weet menschen die dit van

51. TA, SS 139, Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2 Okt. 1871, pp. 370-1.
52. TA, SS 139, Supl. 92/1871, Getuienis van O.C. Weeber, 13 Sept. 1871, p. 317.
53. TA, SS 139, Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2/10/1871, p. 372.
54. TA, SS 139, Supl. 96/1871, Getuienis van P.J. van Staden, 19 Sept. 1871, p. 337.

kaffers gekregen hebben".[55] "Ik heb gehoord dat in Zwartruggens, kaffers van Sechele kruid en lood aan de witte menschen verhandelen.[56]

Benewens die swart gemeenskappe aan die wes- en noordwesgrens van die ZAR, het P.J. van der Walt ook in die bogenoemde aanhaling na die diamantveld, Vrystaat en Natal verwys as plekke waar swartmense van die ZAR vuurwapens in die hande gekry het. Verskeie getuies voor die kommissie het hierdie inligting bevestig.[57] Een getuie, Mathibe Kgosi, leier van die Hwaduba noord van Pretoria, het afgesien van Natal, Kroonstad en Bloemfontein in die Vrystaat as dié plekke waarvandaan hulle buskruit en lood verkry het, aangedui.[58]

Hoewel die getuies voor die kommissie dus saamgestem het oor die aard en omvang van vuurwapens by swartes, het hulle drasties verskil oor die hantering van dié kwessie. Kommandant-generaal Paul Kruger het ten spyte van al die probleme met die toepassing van die proklamasie wat die handel in vuurwapens en ammunisie met swartes verbied het, ten sterkste daarop aangedring dat dié verbod behou moes word. Hy het dit soos volg gemotiveer:

> Daar is voor my hoegenaamd geen doorzicht in onzen straat voor de toekomst indien de verkoop van ammunitie opgeheven wordt, daar in onzen staat ruim 1000 kleurlingen tegen een blanke zyn. Wy kunnen hen niet anders beschouwen dan van harte vyanden der blanken. Indien wy onze vyanden zelf helpen gereed maken om in de kans te komen ons te overwinnen is het beter ons land aan hun af te geven en weg te gaan. Het is in myn oog ook onpolitiek, want hunne geheele natuur bestaat zoo, dat zoodra zy in de kans komen zy de blanken geen een dag in het land zullen laten blyven. Wy hebben genoeg overtuiging niet alleen in andere landen, alwaar zy beschaafd gemaakt zyn doch later op de blanken zyn aangevallen, maar zelfs in de westelyke grenzen waar de ammunitie niet gekeerd is willen zy eers deel van ons land hebben. My gevoelen is als wy toelaten de verkoop daarvan open te zetten, dan zyn wy blind en willen ons zelven uitroeyen.[59]

Kruger se standpunt is onder meer deur kommandant S.T. Prinsloo,[60] veldkornet T. Erasmus[61] en die Berlynse sendeling Otto Sachse,[62] almal van die omgewing van Pretoria, ondersteun. Sy sterk argumente vir die behoud van die verbodsbepaling ten opsigte van handel in vuurwapens met swartmense, is egter

---

55. TA, SS 139, Supl. 101/1871, Getuienis van T. Erasmus, 22 Sept. 1871, p. 345.
56. TA, SS 139, Supl. 111/1871, Getuienis van D.J. van der Merwe, 4 Okt. 1871, p. 384.
57. TA, SS 139, Supl. 114/1871, Getuienis van G. Brits, 5 Okt. 1871, p. 392; Supl. 108/1871, Getuienis van C. Penzhorn, 29 Sept. 1871, p. 368; Supl. 94/1871, Getuienis van W. Skinner, 14 Sept. 1871, pp. 324-5; Supl. 92/1871, Getuienis van O.C. Weeber, 13 Sept. 1871, p. 315.
58. TA, SS 139, Supl. 105/1871, Getuienis van Matibe Kgosi, 27 Sept. 1871, p. 354.
59. TA, SS 139, Supl. 116/1871, Getuienis van S.J.P. Kruger, 17-18 Okt. 1871, pp. 397-8.
60. TA, SS 139, Supl. 91/1871, Getuienis van S.T. Prinsloo, 11 Sept. 1871, pp. 310-11.
61. TA, SS 139, Supl. 101/1871, Getuienis van T. Erasmus, 22 Sept. 1871, p. 345.
62. TA, SS 139, Supl. 106/1871, Getuienis van O. Sachse, 28 Sept. 1871, p. 355.

deur ewe gewigtige argumente ten gunste van die afskaffing van die betrokke proklamasie, teengestaan – benewens deur landdros P.J. van Staden (Rustenburg), ook landdros W. Skinner van Pretoria, staatsaanklaer O.C. Weeber (Pretoria) en veldkornette P.J. van der Walt (Swartruggens), D.J. van der Merwe (Rustenburg), J.L. Jansen van Rensburg (Hexrivier) en sendelinge Christof Penzhorn (Saron, naby Rustenburg) en Henri Gonin (Saulspoort). Van hulle het byvoorbeeld daarop gewys dat die betrokke proklamasie onprakties was omdat die bepalings daarvan nie toegepas kon word nie:

> Ik denk dat die proclamatie verbiedende het verhandelen van ammunitie aan de kaffers moet teruggetrokken worden. Die wet kan toch niet gehandhaaft worden[63] … Ik besef van dus de ordonnantie verbieden de ammunitie te verkoopen als eene doode letter[64] … Ik zie geen kans de smokkelary in geweren en ammunitie tegen te gaan.[65]

Hulle het verder aangevoer dat hulle boonop glad nie in staat was om die vuurwapens wat in daardie stadium in die besit van swartmense was, te konfiskeer nie:

> My is nog nooit assistentie verleend om kaffers die geweren hebben in handen te krygen omdat het onmogelyk is. Er zyn te veel kaffers die geweren hebben. Het is bovendien gevaarlyk in myne wyk. De menschen zyn bang, het is op de grenzen. Bovendien zyn zy bang om geweren te gaan afnemen. Zy zouden een slechte naam onder het volk krygen en geen dienstboden meer krygen … Ik heb nog nooit getracht geweren van de kaffers af te nemen. Ik zie er geen kans toe. Ik weet dat de kaffers geen geweren mogen hebben. Indien ik de geweren van die kaffers wilde afnemen zouden zy allen wegtrekken[66] … Ik zie geen kans hen te ontwapenen volgens die Kafferwet[67] … Ik heb nog nooit getracht geweren uit de kralen der kaffers te halen. Zoodra ik dit doe sal er oorlog uitbreken.[68]

In aansluiting hierby het dit uit die getuienis van swart leiers voor die kommissie geblyk dat pogings van die owerhede om dié gewere in die besit van swart gemeenskappe te merk, sodat beheer daaroor uitgeoefen kon word, ook nie suksesvol was nie.[69] Die uitwys deur getuies van die inkonsekwentheid dat wanneer swart gemeenskappe vir kommandodiens opgeroep word, hulle dan met hulle gewere diens doen, was ‘n verdere sterk aanduiding dat die owerheid die

---

63. TA, SS 139, Supl. 94/1871, Getuienis van W. Skinner, 14 Sept. 1871, pp. 324-325.
64. TA, SS 139, Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2 Okt. 1871, p. 371.
65. TA, SS 139, Supl. 113/1871, Getuienis van J.L. Jansen van Rensburg, 5 Okt. 1871, p. 389.
66. TA, SS 139, Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2 Okt. 1871, p. 371.
67. TA, SS 139, Supl. 111/1871, Getuienis van D.J. van der Merwe, 4 Okt. 1871, p. 384.
68. TA, SS 139, Supl. 110/1871, Getuienis van H.P. Malan, 3 Okt. 1871, p. 378. Malan was egter in die meeste aangeleenthede wat voor die kommissie gedien het, ‘n sterk ondersteuner van Kruger se standpunte.
69. TA, SS 139, Supl. 103/1871, Getuienis van David, 25 Sept. 1871, p. 350; Supl. 105/1871, Getuienis van Mathibe Kgosi, 27 Sept. 1871, p. 354.

besit van vuurwapens deur swartmense reeds vir geruime tyd in die praktyk oogluikend toegelaat het:

> Ik heb volgens orders altyd als kaffers op commando gecommandeerd werden, hen met geweren opgecommandeerd[70] … Als er een commando wordt opgeroepen worden zy opgecommandeerd met hunne geweren[71] … Ik heb niet geprobeerd de kaffers de geweren te ontnemen daar het Gouvernement wanneer het ze noodig heeft ze zelfs met hunne wapenen opcommandeerd.[72]

Benewens die argumente van getuies wat die onpraktiese kant van die verbod beklemtoon het, het sommige van hulle ook standpunt ingeneem dat voordele uit die afskaf van die proklamasie sou voortvloei. Teen die agtergond daarvan dat die kommissie in die eerste instansie in die lewe geroep is om die beweerde probleem met swart arbeid te ondersoek, is die oortuiging uitgespreek dat swart arbeiders nie na die diamantvelde en elders sou gaan om vir vuurwapens te werk as hulle dit in die Transvaal kon koop nie:

> Myn idee is dat wanneer er vryheid gegeven werd aan de kaffers ammunitie te verkoopen, zy eerder hier zouden blyven[73] … wanneer zy ammunitie konden verdienen hier zouden blyven en niet naar elders daarvoor gaan werken[74] … Myn opinie is als de kaffers vry geweren en ammunitie handen krygen beter dienstbaar zouden zyn[75] … Ik denk als de kaffers voor geweren konden werken zy gewilliger zouden zyn … De kaffers zouden echter by de menschen voor geen slechte geweren willen werken.[76]

Daarbenewens is deur minstens een getuie aangevoer dat die staat sou baat uit die verhoogde invoerbelasting op vuurwapens en ammunisie:

> zou het een groot voordeel voor het land zyn, daar ieder koopman zooveel kruid en lood, enz. kan invoeren als hy wil en wanneer hy weet dat hy ook aan de kaffers kan verkoopen, hy zoveel meer zal inbrengen, de invoerregten waarvan aan den staat zouden komen.[77]

---

70. TA, SS 139, Supl. 111/1871, Getuienis van D.J. van der Merwe, 4 Okt. 1871, p. 384.
71. TA, SS 139, Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2 Okt. 1871, p. 371.
72. TA, SS 139, Supl. 113/1871, Getuienis van J.L. Jansen van Rensburg, 5 Okt. 1871, p. 389.
73. TA, SS 139, Supl. 94/1871, Getuienis van W. Skinner, 14 Sept. 1871, p. 325.
74. TA, SS 139, Supl. 92/1871, Getuienis van O.C. Weeber, 13 Sept. 1871, p. 317.
75. TA, SS 139, Supl. 113/1871, Getuienis van J.L. Jansen van Rensburg, 5 Okt. 1871, p. 387.
76. TA, SS 139, Supl. 109/1871, Getuienis van P.J. van der Walt, 2 Okt. 1871, pp. 370-371.
77. TA, SS 139, Supl. 92/1871, Getuienis van O.C. Weeber, 13 Sept. 1871, p. 317.

## 4. Die kommissie beveel die afskaffing van die vuurwapenverbod aan

In die oë van die kommissielede het die argumente van dié getuies wat ten gunste was van die afskaffing van die proklamasie die swaarste geweeg. In hulle verslag, wat op 1 November 1871 voltooi is, het hulle 'n lang verduideliking gegee vir hulle standpunt en het net vlugtig na Kruger se teenoorstaande standpunt verwys:

> De taak aan de Commissie opgedraagen was ook om te zien welke wetten behooren gewyzigd te worden in verband met kafferzaken. Het is daarom dat aan byna iederen getuige de vraag werd gedaan: Wat denkt gy van de Proclamatie van zyn H. Ed. den Staats President van den vier en twintigsten Maart 1858 verbiedende het verkoopen of verhandelen van wapenen en ammunitie aan kaffers? Het zal den Volksraad kunnen blyken dat het grootste gedeelte van de antwoorden op die vraag was: Schaf die ordonnantie af!
>
> De redenen daarvoor opgegeven waren meestal, omdat de kaffers, evenzeer, zoo wel in het binnen als buitenland geweren kunnen bekomen en reeds in het bezit van vele dier wapenen zijn.
>
> Dat by Commando's de kaffers worden opgeroepen met hunne wapenen en het onmogelyk alsdan is, wanneer zy aan die oproeping gehoor geven, uit te vinden of de regering aan die kaffers de vergunning heeft gegeven, die geweren te mogen bezitten.
>
> De Commissie vindt dat dit laatste als eene tegenstrydigheid kan worden aangemerkt. De kleurlingen mogen geen wapenen hebben en in oorlogstyd worden zy gecommandeerd met het verboden goed.
>
> Wanneer kaffers hier in het land vrij voor geweren kunnen werken, zoo als zy dit buiten's lands doen, zullen zy en di blykt uit de verklaringe voor ons (lig ?), hier in de Transvaal blyven en dus dienstbaar kunnen zyn voor de burgers.
>
> Maar ook ten aanzien van die kaffers, die nog niet de wet hebben overtreden, zou het als eene onbillykheid kunnen worden aangemerkt, dat zy door getrouw te zijn aan de wetten, niet dezelfde voorregten kunnen bekomen, die hunne stamgenooten krygen, door geen notitie van die wetten te nemen.
>
> De Commissie kan nog met meer gerustheid tot die aanbeveling komen, omdat de Volksraad in deze zitting in de zaken van Sebedela [Sebetiele Sililo] en Mapela besloten heeft de kaffers hunne geweren terug te geven.
>
> Uwe Commissie moet nog verder doen opmerken, dat honderde geweren, niet alleen worden binnengesmokkeld, maar verkocht worden aan kaffers, zonder dat byna de overtreders dier wet zyn gestraft geweest, of dat het Gouvernement eenig voordeel daarvan trekt.
>
> De Commissie heeft ook aan de meeste officieren de vraag gerigt, of zy in staat waren de kaffers hunne geweren te ontnemen en het byna algemeene antwoord was: Wij zijn daartoe onmagtig!
>
> Uit de verklaring van den Heer O.C. Weeber, Landdrostklerk en Publieken Vervolger te Pretoria … zal het den Volksraad blyken, dat het Britsche Gouvernement, of liever de vertegenwoordiger van Hare Majesteit de Koningin, vergunning verleende door permitten af te geven, om zooveel vuurwapenen en

> ammunitie te verhandelen, als door handelaars verlangd wordt, zoodat hier geen kwestie kan zyn, dat de conventie aan onze zyde wordt verbroken, door die Proclamatie op te heffen, wanneer dit reeds vele jaren geleden, aan de andere zyde is geschied.
>
> Verder mag als eene byzonderheid worden aangemerkt, dat uit sommige van de voor ons afgelegde verklaringen blykt, dat burgers van deze staat ammunitie van de kaffers hebben gekocht.
>
> De Commissie moet echter doen opmerken, dat de Commandant Generaal met haar gevoelen verschilt en daarin gerugsteund wordt door eenige officieren.
>
> De Commandant Generaal ziet gevaar in de opheffing der Ordonnantie en acht de kaffers te onbeschaafd om in het bezit te zijn van vuurwapenen.
>
> De Commissie echter zoo als boven opgemerkt meent op de door haar opgegevene redenen, by hare aanbeveling te moeten blyven.[78]

Na aanleiding van hierdie motivering, het die kommissie aanbeveel dat die proklamasie afgeskaf word.[79]

## 5. Die Volksraadslede skram weg

Die Volksraad van die ZAR het die aanbeveling van die kommissie in verband met die handel in vuurwapens met swartes oënskynlik verbasend gunstig ontvang, as die konserwatiewe karakter van dié liggaam in gedagte gehou word. Die Volksraad het nogtans meer tyd aan die aanbevelings van die kommissie wat regstreeks met swart arbeid verband gehou het, gewy. Trouens, die eerste en voorlopige interpretasie deur die Volksraad op 11 November 1871 van die kommissie se aanbeveling oor die opheffing van die verbod op vuurwapenhandel met swartes, was vanuit dié perspektief:

> Verder wordt aangemerkt, dat de vrye handel in ammunitie na het gevoelen der commissie veel zoude bydragen, tot verkryging van werkvolk, dat zulks eene groote inkomste voor het Gouvernement zoude zyn, dat zelfs de officieren verklaart hebben, dat zy in dit punt de kafferwet niet kunnen handhaven, doch dat de Comm(an)d(ant) Generaal hierin met de commissie in gevoelen verschilt.[80]

Op 29 November het die Volksraad dié aanbeveling ter tafel geneem. Moontlik as gevolg van die onsekerheid wat ontstaan het met die ongunstige uitspraak van die Keate-arbitrasie en die bedanking van staatspresident M.W. Pretorius op 21

---

78. TA, EVR 214, Nr. 78, Rapport van den Kaffer Commissie, 1 Nov. 1871, inskrywings 50-65, pp. 349-352.
79. IBID., Aanbeveling e, p. 355.
80. *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Nr. 407 van 1871: Volksraadnotule, 11 November 1871, art. 341.

November 1871,[81] is besluit om in daardie stadium net die wenslikheid van die aanbeveling te aanvaar en 'n besluit daaroor tot die volgende sitting van die Volksraad uit te stel:

> De commissie verzoekt letter E, van het rapport uit te stellen tot de volgende zitting.
>
> De heer [G.P.] Moodie zegt dat wy meer of minder in omstandigheden op dit oogenblik verkeeren, die het niet raadzaam maken, dit voorstel goed te keuren, hy stelt voor de wenschelykheid hiervan aan te nemen doch het besluit hiervan tot de volgende zitting uit te stellen.
>
> Voorstel van den heer Voorzitter, ondersteund door den heer [S.J.] Meintjes.
>
> De raad is overtuigd van de wenschelykheid en noodzakelykheid van hetgeen door de commissie in letter E van haar rapport gerecommandeerd is, toch stelt onder bestaande omstandigheden, de verdere behandelingen goedkeuring dezer zaak uit tot in de volgende zitting.
>
> Met byna algemeene stemmen aangenomen.
>
> Tegen de heer [N.J.] Grobler om rede hy er niet voor is de kruidhandel open te zetten.[82]

Die klaarblyklik gunstige ingesteldheid van die Volksraad teenoor die afskaffing van die verbod, het nogtans nie regstreeks in die wetgewing wat agtien maande later oor handel in vuurwapens en ammunisie aanvaar is, neerslag gevind nie. In hierdie wetgewing is onder meer bepaal dat die handel in kruid, lood en doppies uitsluitlik in die hande van die regering sou wees, dat invoerbelasting op vuurwapens gevorder sou word en 'n permit by 'n landdros verkry moes word vir die reg om in vuurwapens handel te dryf. Geen melding is gemaak van die posisie van swartmense in hierdie verband nie.[83] Wet Nr. 3 van 1876, het hom wel in sommige opsigte hieroor uitgespreek. Daarin is onder meer bepaal dat swartmense nie sonder verlof buite die grense van hulle reservate met vuurwapens mag rondbeweeg nie; dat alle vuurwapens in besit van swartmense geregistreer en gemerk moes word; en dat hulle, wanneer hulle vuurwapens van buite die ZAR in dié land inbring, invoerregte moes betaal en bewyse voorlê van waar hulle dit bekom het.[84] Hoewel daar dus met hierdie wet klaarblyklik statutêre erkenning gegee is aan swartmense se reg om vuurwapens te besit, is daar uitgebreide voorwaardes aan gekoppel. Hierdie voorwaardes is in 'n groot mate reeds deur die kommissie van 1871 as onprakties en diskriminerend teenoor die swart gemeenskappe wat goedgesind teenoor die ZAR was, uitgewys. Die laasgenoemde kwessie is met Wet Nr. 4 van 1884 gedeeltelik probeer regstel toe daarvoor voorsiening gemaak is dat die regering aan

---

81. TA, T 201, Inventaris van die Uitvoerende Raad.
82. *Staats Courant*, Nr. 409 van 1871: Volksraadnotule, 29 Nov. 1871, art. 400.
83. F. JEPPE en J.G. KOTZÉ, De locale wetten 1849-1885, pp. 517-518: Wet Nr. 6 van 1873 Tot betere regulering van den handel in vuurwapenen en ammunitie in de Z.A. Republiek, 3 Junie 1873.
84. IBID., p. 665: Wet Nr. 3 van 1876 Betreffende de Naturellen, artikels 11-15.

"getrouwe Naturellen-Opperhoofden of Bondgenooten" vuurwapens en ammunisie kon voorsien, maar daaroor aan die Volksraad verslag moes doen.[85]

## 6. Afsluiting

Die standpunt wat kommandant-generaal Paul Kruger en enkele ander getuies voor die kommissie ingeneem het, dat dit teen die belange van die blankes in die ZAR sou wees om die verbod op vuurwapenhandel met swartmense op te hef, is heeltemal verstaanbaar. Kruger self het immers as jong seun die Groot Trek en vele veldslae met vyandiggesinde swart gemeenskappe meegemaak. Hy sou as jongman gedurende die pioniersjare van blanke vestiging intens bewus gewees het van die talle konflikte met swart gemeenskappe en sou aan sommige daarvan deelgeneem het.[86] As kommandant-generaal was hy in die sestigerjare in 'n leidende hoedanigheid betrokke by byvoorbeeld die gevegte met die Venda, waartydens Schoemansdal in Julie 1867 ontruim is, asook met die Langa-Ndebele. In geeneen van hierdie konflikte kon die ZAR die volkome oorhand verkry nie.[87] Vanuit sy perspektief sou dit dus onverstandig wees om die verbod op vuurwapens op te hef. Hierdie standpunt het egter nie daarmee rekening gehou dat vriendskaplike swart gemeenskappe in die praktyk daardeur benadeel is, dat dit nie konsekwent toegepas is nie en dat dit in elk geval klaarblyklik onmoontlik was om die verbod effektief te handhaaf. Die deurslaggewende argument in hierdie tydsgewrig was boonop dat dit die beskikbaarheid van swart arbeid op Transvaalse plase in die wiele gery het. Duisende jong swart mans het in dié tyd op die diamantveld en elders, waar besoldiging in elk geval meer aantreklik was, vir vuurwapens gaan werk. Deur dit in die vooruitsig te stel dat dié swart arbeiders in die ZAR sou bly en hulle arbeid vir Transvaalse boere beskikbaar sou wees, het diegene wat ten gunste van die afskaffing van die verbod was, 'n baie sterk argument gestel, wat nie in 'n tyd toe swart arbeid moeilik bekombaar was, geïgnoreer kon word nie. In die lig hiervan is die aanbeveling van die kommissie dat die verbod afgeskaf moes word en die Volksraad se gunstige reaksie daarop, te verstane.

---

85. IBID., p. 1296: Wet Nr. 4 van 1884 Ter voorkoming van smokkelhandel in geweren, ammunitie, enz.
86. J.S. BERGH, *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: die vier noordelike provinsies* (J.L. van Schaik Uitgewers, Pretoria, 1999), pp. 153-161.
87. *Ibid*., pp. 175-191.

# Abstract

## "De Ordonnantie (is) een doode letter" – The 1871 Transvaal investigation into trade in Firearms with Africans

Trade in firearms with Africans was a central issue in the history of southern Africa in the 19th century. In the South African Republic (ZAR) a number of measures were taken from an early stage to prevent this kind of trade – notably the Proclamation of 24 March 1858. When the question of whether the proclamation should be repealed was put to those who testified before the 1871 Transvaal commission a variety of responses were received. Commandant General Paul Kruger and his supporters supported the perpetuation of this restriction. Those who favoured the termination of the proclamation argued that it was not possible to carry out its stipulations, that it discriminated against "friendly" African communities. Due to the unstable situation in the ZAR in November 1871 the Volksraad decided to postpone a decision on this until its next session. This, however, effectively stalled the matter for many years.